

21

JESUS SE GEBOORTE Ons vier Kersfees

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Kersfees die viering van Jesus se geboorte is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- ons Jesus se geboorte met Kersfees vier.
- God ons deur Jesus verlos het.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat Jesus hulle kom verlos het van die sonde.
- graag Kersfees as 'n Christusfees wil vier.

Vaardigheid

- Die kinders moet iets doen wat wys –
 - dat hulle glo in Jesus Christus as ons Verlosser.
 - dat Kersfees vir hulle 'n Christusfees is.
- Die kinders moet in staat wees om die belangrikste dele van Jesus se geboorte te vertel.

MEER INLIGTING (Lukas 1: 26-38; Lukas 2; Matteus 2)

God het die engel Gabriël na 'n klein dorpie gestuur. Die dorpie se naam was Nasaret. Die engel het 'n boodskap gebring. Hy het aan 'n jong vrou, Maria, verskyn, en vir haar gesê: *Moenie bang wees nie, Maria, ek bring vir jou goeie nuus. God is met jou!* Maria het groot geskrik. Die engel het verder gepraat: *Maria, jy gaan 'n babaseuntjie kry en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal die Seun van God wees en 'n groot Koning.*

Maar Meneer, sê Maria, ek is nog nie eens getroud nie! Hoe kan ek dan 'n baba verwag? Die engel sê: Moenie bekommerd wees nie, Maria, want God sal die lewe in jou gee. Daarom sal hierdie baba heilig wees en die Seun van God genoem word.

Toe buig Maria voor die engel en sê: *Ek sal die Here dien soos Hy my wil gebruik. Laat dit wat u gesê het, met my gebeur.* Net daarna het sy swanger geword en met haar verloofde, Josef, getrou.

Net voordat die babatjie gebore is, het die keiser beveel dat al die mense in die land getel moet word. 'n Keiser is amper soos 'n koning. Om getel te word, moes almal na die plek toe gaan waar hulle gebore is. Josef en Maria het toe na die dorp Betlehem gegaan om daar getel te word.

Toe hulle in Betlehem kom, was daar vreeslik baie mense. Hulle kon nêrens 'n slaapplekkie kry nie. Uiteindelik kom hulle by 'n herberg aan waar Josef weer vra: *Goeiedag, Meneer, het u dalk vir ons 'n slaapplekkie?*

Soos al die ander slaapplekkies, was sy herberg ook stampvol. Maar toe sê hy: *As julle wil, kan julle in my stal slaap. Dit is darem warm en droog hier en die strooi is sag.*

Josef en Maria was al baie moeg en was maar te bly om daar te kon slaap. Laat daardie nag kon 'n mens skielik 'n baba hoor huil daar in die stal. Maria se babatjie is gebore! Jesus is gebore! Maria het Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê.

Die nag toe Jesus gebore is, was daar skaapwagters wat in die oop veld gebly het. Hulle het hul skape opgepas. Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en 'n helder lig het rondom hulle geskyn. Die skaapwagters het groot geskrik.

Maar toe sê die engel: *Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle goeie nuus wat julle baie bly gaan maak. Dit is nuus wat die hele volk moet hoor. Vannag is 'n baba in Betlehem gebore, en Hy is julle Verlosser. Hy is Jesus Christus die Here! As julle nou na daardie stad toe gaan, sal julle 'n kindjie kry wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê. Dit is Jesus, ons Verlosser.*

Skielik was daar saam met die engel 'n klomp engele wat God prys en sê: *Ere aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!* Dit beteken dat hulle God prys en dat God vrede gee vir al die mense vir wie Hy lief is.

Nadat die engele weg is, het die skaapwagters gesê: *Kom ons gaan kyk na dit wat die Here se engel vir ons kom sê het. Onthou, dit is 'n baba wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê.* Hulle het dadelik gegaan. Toe hulle die baba kry, het hulle voor Hom gebuig en Hom geloof.

Later was daar ook sterrekykers wat van die ooste af gekom het. Hulle het na die sterre gekyk en 'n baie helder ster gesien. Dit het beteken dat daar iewers 'n nuwe koning gebore is. Daarom het hulle besluit om die ster te volg. So het hulle toe in Jerusalem gekom.

In Jerusalem het hulle gevra of die nuwe koning daar gebore is. Koning Herodes het dit gehoor en was baie verbaas, want hy het niks van 'n nuwe koning geweet nie. Hy het al sy slim mense gevra. Hulle het gesê dat dit in die Bybel staan dat daar in Betlehem 'n nuwe leier gebore gaan word.

Hieroor was die koning baie verbaas, want daar kan nie 'n ander koning as hy wees nie. Hy is dan die koning, en sy kind moet die volgende koning wees.

Hy maak toe 'n slim plan: *Luister, wyse manne, sê Herodes, ek wil hê julle moet Betlehem toe gaan en uitvind of daar so 'n kindjie gebore is. As dit waar is, moet julle dadelik terugkom en vir my kom sê, want ek wil ook vir hom presente vat. Eintlik wou hy die babatjie gaan doodmaak!*

Die ster het die wyse manne na Betlehem gelei en bokant die stal gaan hang. Sowaar, daar kry hulle die babatjie in die krip! Toe gaan hulle in en sê: *Goeienaand, Meneer en Mevrou. Ons is jammer om te pla, maar hierdie Babatjie, 'n ster het vir ons gewys dit is 'n besondere Kindjie wat gebore is. Ons is hier om aan Hom hulde te bewys. Hulle buig toe voor die Kindjie en sit hul geskenke neer: goud, wierook en mirre!*

Maar die Here het hulle gewaarsku om nie terug te gaan na die koning toe nie. Die koning kon die Kindjie toe nie doodmaak nie.

Dit is die verhaal van Jesus se geboorte. En tot vandag toe vier ons nog op Kersfees sy geboorte. Dit is God se geskenk aan ons omdat Hy baie lief is vir ons.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- 4 groot malvalekkers vir elke kind.
- 2 klein malvalekkers vir elke kind.
- Verskillende kleure koekkleursel – kleure vir gesigte, kopdoek, baard, ensovoorts. (Kyk by IETS OM TE DOEN hieronder.)
- 'n Pypskoonmaker vir elke kind.
- 'n Oorstokkie vir elke kind.
- Tandestokkies, maar met die skerp punte afgebreek.

KOM ONS BEGIN

Open deur Gesang 329 saam te sing of voor te lees en te bid.

*Want so lief het God die wêreld gehad
dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het, gegee het,
sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie,
maar die ewige lewe sal hê.*

HET HULLE ONTHOU?

- Laat hulle die prente wat hulle ingekleur het vir mekaar wys.
- Laat enkele vertel of die mense wat by hulle werk Bybels in hul eie taal het – watter taal?
- Laat hulle vertel wie van hulle se werkmense gereeld kerk toe gaan.
- Kontroleer of hulle die volgende vrae se antwoorde ken:
 - Wie is die man wat siek geword het van wie ons verlede week geleer het? (*Naãman.*)
 - Wat noem ons die siekte wat hy gekry het? (*Melaatsheid.*)
 - Wat het die dogtertjie vir hom gesê? (*Dat God hom gesond kan maak.*)
 - Na watter profeet moes hy gaan? (*Elisa.*)

- Wat het Elisa gesê moet hy gaan doen? (*Hy moet homself sewe keer in die Jordaanrivier gaan was.*)
- Wat leer ons by hierdie dogtertjie? (*Dat ons vir ander mense moet vertel hoe magtig die Here is.*)
- Wat gebeur met ander mense as ons hulle van die Here vertel? (*As ons hulle van die Here vertel, kan hulle ook in Hom glo.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Voer inleidende gesprek oor Kersfees en die betekenis van Kersfees. Dit kan soos volg gedoen word:

Een van die dae is dit Kersfees! Wat kan julle my vertel van Kersfees? (Die gesprek sal waarskynlik by Jesus se geboorte, maar ook by die geskenkies wat hulle gaan kry, uitkom.) Vandag gaan ek julle vertel van God se geskenk aan ons. Want dit is waaroor Kersfees regtig gaan.

IETS INTERESSANT

Gebruik die verhaal by MEER INLIGTING om die les aan te bied. Die verhaal kan net so vertel word.

IETS BELANGRIK

- Vra die volgende vrae om die feite in te skerp:
 - Wie het vir Maria vertel dat sy 'n baba gaan kry? (*Die engel Gabriël.*)
 - Na watter stad het hulle gegaan om getel te word? (*Betlehem.*)
 - Waar het hulle geslaap en is die baba gebore? (*In 'n stal.*)
 - Waar het Maria die baba neergelê? (*In 'n krip.*)
 - Vir wie het die engel in die oop veld vertel dat die baba gebore is? (*Skaapwagters.*)
 - Hoe het die sterrekykers geweet die baba is gebore? (*'n Vreemde ster het verskyn.*)
 - Watter geskenke het hulle vir die baba gegee? (*Goud, wierook en mirre.*)
 - Wat was hierdie baba se naam? (*Jesus.*)
- Skerp die volgende weer in:
 - Jesus het ons van ons sonde kom verlos.
 - Dit beteken Hy gaan in ons plek vir ons sondes gestraf word.
 - God gaan ons dus vergewe. Dit is God se geskenk aan ons.
 - As ons op Kersfees geskenke kry, moet dit ons laat dink aan Jesus, Hy is God se groot geskenk aan ons.
 - Ons moet vir Hom dankie sê daarvoor.

IETS OM TE DOEN

- Laat hulle soos volg vir Josef en Maria maak:
 - Sny die boonste randjie van een malvalekker, en die onderste randjie van 'n ander

een af.

- Druk die twee groot dele waar dit afgesny is, styf teen mekaar – dit is taai waar dit afgesny is.
 - Doen dieselfde met die ander twee groot malvalekkers.
 - Teken 'n gesiggie op elkeen – op een vir Josef en op die ander een vir Maria.
 - Teken 'n doek om die kop, of gebruik 'n stukkie materiaal daarvoor.
 - Teken vir Josef 'n baard.
 - Gebruik koekkleursel en oorpluisies om mee te teken.
 - Gebruik stukkie van die pypskoonmaker vir die arms en vir Josef se staf.
 - Kyk na die prentjie om te sien hoe dit moet lyk.
- Laat hulle nou die twee klein malvalekkers gebruik om die baba op dieselfde wyse te maak.
 - Laat hulle die baba met 'n stukkie van 'n tandestokkie in Maria se arms vassteek.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle die prent in hul boeke gaan inkleur.

Leer

- Laat hulle die volgende vrae en antwoorde gaan leer:
 - Wie het vir Maria vertel dat sy 'n baba gaan kry? (*Die engel Gabriël.*)
 - Na watter stad het hulle gegaan om getel te word? (*Betlehem.*)
 - Waar het hulle geslaap en is die baba gebore? (*In 'n stal.*)
 - Waar het Maria die baba neergelê? (*In 'n krip.*)
 - Vir wie het die engel in die oop veld vertel dat die baba gebore is? (*Skaapwagters.*)
 - Hoe het die sterrekykers geweet die baba is gebore? (*'n Vreemde ster het verskyn.*)
 - Watter geskenke het hulle vir die baba gegee? (*Goud, wierook en mirre.*)
 - Wat was hierdie baba se naam? (*Jesus.*)
- Laat hulle die volgende leer:
 - Jesus het ons van ons sonde kom verlos.
 - Dit beteken Hy gaan in ons plek vir ons sondes gestraf word.
 - God gaan ons dus vergewe. Dit is God se geskenk aan ons.
 - As ons op Kersfees geskenke kry, moet dit ons laat dink aan Jesus, Hy is God se groot geskenk aan ons.
 - Ons moet vir Hom dankie sê daarvoor.
- Laat hulle die volgende versie by die huis gaan leer: *Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het* (Lukas 2: 14).

AFSLUITING

Sluit af met gebed waarin spesifiek vir die Here dankie gesê word vir Jesus, ons grootste geskenk.